## DIE INVLOED VAN KULTURELE VERSKILLE (MET INBEGRIP VAN GODSDIENSVERSKILLE) OP EKONOMIESE ONTWIKKELING MET VERWYSING NA DIE WESTERSE EN NIE-WESTERSE VOLKE

### Inleiding

Ek wil die wisselwerking van slegs twee begrippe op mekaar behandel, naamlik *kultuur* en *ekonomiese ontwikkeling*. Om te voorkom dat ek van partydigheid beskuldig kan word, wil ek my onderwerp toelig deur aanvanklik die Oosterling en die Westerling in die sin van ekonomiese ontwikkeling teenoor mekaar te stel. Eers daarná sal ek probeer om enkele gevolgtrekkings vir Afrika, en meer bepaald vir Suid-Afrika te maak.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal ek die begrip kultuur in sy breedste sin gebruik vanuit die oogpunt van die organisasie, soos die gesin, die kerk en die staat waardeur lede van die gemeenskap saamgebind word en hoe die lede van hierdie organisasie hulle teenoor mekaar gedra. Tweedens, wanneer ek van 'n kultuur praat, moet steeds in gedagte gehou word dat elke kultuur deur 'n taal, hetsy gesproke of geskrewe gedra word, en dat elke kultuur ook 'n materiële aspek het soos huise, paaie, klere en ander besittings wat eie aan homself is en wat voortbestaan selfs nadat die mens tot sterwe kom. Al die faktore staan in verband met mekaar in die mens se lewe. Hierdie kultuurpatrone val nie uit die lug nie, maar is meestal die resultaat van wat deur geslagte heen gevorm en gebou is. Daarom kan dit moeilik heeltemal van die verlede los gemaak word, of deur 'n ander kultuur vervang word.

*Ekonomiese ontwikkeling* kan gedefinieer word as 'n toename in die inkomste per kop van die bevolking. U kan dus dadelik sien dat ons hier te doen het met kulture wat reeds die geldekonomie aanvaar het waarin die mens 'n gekommersialiseerde heenkome vind in teenstelling met die bestaansekonomie waar geldtransaksies nog geen rol speel nie. Ten einde oor te gaan van 'n bestaansekonomie na 'n geldekonomie, moet daar dus reeds 'n verandering in die sielkundige benadering teenoor werk en die waarde van vrye tyd by

'n volk intree wat op sigself 'n verandering in sy kultuurpatroon inhou.

Elke mens en volk het sy eie benadering tot 'n lewenstandaard wat hy vir hom as ideaal stel en waarvoor hy bereid is om in 'n mindere of meerdere mate te werk. As die Sjinese boer daarin slaag om ekonomies vooruit te gaan sal hy eerstens probeer om huurders vir sy grond te kry. Sy vrye tyd sal gebruik word om groter eer aan sy ouers te bewys; hy sal meer tyd en geld spandeer om sy seremoniële en sosiale verpligtings na te kom; 'n groter huis bou, maar ook 'n deftiger kerkhof vir hom en sy familie. In sy kultuur en godsdiens is daar niks wat hom dring na die bereiking van nuwe en hoër standaarde nie. Nuwe ontwikkelings kom dus nie *vanuit* hierdie volk self nie, maar moet van buite af aan hom gegee word. In teenstelling hiermee het die Westerse volke 'n subjektiewe drang na 'n hoër en veranderde lewenstandaard wat die basis vorm vir die strewe na verandering en verbetering. Hoewel hierdie strewe miskien terug te voer is tot sy godsdiens, is dit in die laaste twee eeue grootliks gematerialiseer.

**Kulturele faktore wat ekonomiese groei begunstig**

Hierdie verskil in kulturele strewes is van fundamentele belang by ekonomiese ontwikkeling en kan gerieflikheidshalwe onder drie hoofde ingedeel word.

(a) *Die beskikbaarheid van besparings*

Normaalweg is faktore soos die verdeling van die inkomste van 'n volk tussen sy lede, hulle verbruik en besparing van die grootste belang vir ekonomiese groei en die akkumulering van kapitaal. Vir nywerheidsontwikkeling is dit noodsaaklik dat 'n land oor voldoende kapitaal beskik. Die verbruiksgewoontes kan die vorming van kapitaal benadeel. Die nie-Westerling sal al sy geld op seremoniële sake soos troues, begrafnisse, verering van die gode, ens., spandeer. Onder hierdie volke is kapitaalvorming byna onmoontlik. In Westerse lande waar spaarsaamheid as 'n Christelike deug beskou was of waar dit die gewoonte is om te spaar vir die oudag, sal die aanbod van fondse vir kapitaalbesteding veel groter wees.

Maar ook die besparingsgewoontes van volke is van belang vir vooruitgang. In nie-Westerse lande, waar daar ten

spyte van die nadelige verbruiksgewoontes, tog besparings plaasvind, word dit meestal opgepot. Daar bestaan weinig indien enige, kanale om hierdie besparing te mobiliseer om so gesamentlik 'n kapitaalvoorraad op te bou. Daarteenoor begunstig en vergemaklik die bestaan van banke en ander finansiële instellings die akkumulasie van kapitaal. Die aanwending en nut van die kapitaal word grootliks verhoog indien daar in 'n land ook die geriewe vir die leen en uitleen van kapitaal bestaan, al is dit teen betaling van 'n rente daarop.

(b) *Die aanwending van hulpbronne*

Hoe beïnvloed kulturele faktore die gebruik van hulpbronne? Die Indiane is al vir etlike duisende jare in Amerika met sy ontsaglike minerale hulpbronne aanwesig. Tog het hulle lewenstandaard en gewoontes deur die eeue nie veel verandering van hulle Asiatiese voorvaders getoon nie. Dieselfde geld vir die Oosterling. Hierteenoor het die Wes-Europese nasies tot aan die eindes van die aarde gegaan om te vind wat hulle nie tuis gehad het nie. Die *aanwesigheid* van hulpbronne het die nie-Westerling nie aangespoor nie, terwyl die *afwesigheid* van hulpbronne die Westerling nie ontmoedig het nie. Hierdie verskil in benadering lê opgesluit in die onderskeie kulture.

In nie-Westerse lande is grond en hulpbronne dikwels gemeenskaplike of staatsbesit en die ontwikkeling daarvan hang af van die gemeenskap of die staat, terwyl die individuele belang of moontlikheid om dit te ontwikkel baie kleiner is as dié in Westerse lande wat individuele besitreg erken.

Een belangrike faktor vir ekonomiese vooruitgang en nywerheidsontwikkeling in 'n land is tegnologiese ontwikkeling. Dit kan natuurlik van ander lande af ingevoer word, soos inderdaad ook gebeur het in Westerse lande onderling ná die industriële revolusie in Engeland — indien die bevolking van 'n land vatbaar is vir so 'n oorplanting. Hierdie uitruil of leen van 'n ander kultuur het die aanwending van hulpbronne ook in Japan en Rusland baie vergemaklik. (Afgesien van die gebeure oor die afgelope 40 jaar, is Rusland natuurlik essensieel 'n Westerse land). Maar tensy 'n land self in staat is om tegnologiese vooruitgang uit eie bodem te bevrug, sal hy

dit moeilik vind om 'n aansienlike mate van groei en uitbreiding van sy ekonomie te bewerkstellig. Dit was waar van al die Wes-Europese lande wat van Engeland geleen het, en gedeeltelik ook van Japan.

(c) *Die beskikbaarheid van arbeid*

Daar is verskillende kulturele faktore wat die beskikbaarheid van arbeid beïnvloed. Is daar, eerstens, 'n surplus in die werkende of ekonomies aktiewe bevolking? Tweedens, kan en sal die bevolking enige plek in die land gaan werk; is dit hulle gewoonte om werk te soek en is hulle bereid om enige plek in die land werk te aanvaar of wil hulle net in die gesinskring werk? Derdens, sal die arbeiders in fabrieke gaan werk en die moeisame ure duld, die moeilike werk aanleer en lank genoeg aanhou werk sodat die arbeidsomset laag bly?

Al drie genoemde faktore, naamlik, die beskikbaarheid van besparings, die aanwending van hulpbronne en die beskikbaarheid van arbeid is van kernbelang in die verklaring van die standaarde van materiële voorspoed wat deur Westerse lande in die afgelope 200 jaar bereik is, in teenstelling met die nie-Westerse lande.

**Die innerlike aansporing tot ekonomiese ontwikkeling**

Die vader-seun verhouding in die Ooste is die basiese skakel tussen geslagte. Dit is die grondslag van alle verhoudings tussen die gesin, die familie, godsdiens en die gemeenskap. Dit dien selfs as model vir die verhouding tussen onderwyser en leerlinge, werkgewers en werknemers, en heersers en hulle onderdane. Die ambisieuse jong man kan hom nie losmaak van sy familiebande nie. Indien hy sukses het, word dit met sy familie gedeel. So ook sy teenslae. Maar sy waarde as mens hang nie af van enige materiële prestasies nie. Hoewel 'n mislukkig nie wenslik is nie, kleef daar nie stigma aan nie, maar selfs die mislukking word deur sy gesin en familie met hom saam gedra. Vir die Oosterling hang sukses of mislukking af van goeie of slegte voorvaders. Nog 'n vername kenmerk van die Oosterling is sy houding teenoor geskenke. Hy is nie skaam om geskenke te ontvang en om dit self wyd en syd bekend te maak nie. Deur dit te doen leef hy slegs 'n deel van sy kultuuropvatting uit, naamlik, sy

geloof in die *onderlinge afhanklikheid* van mense die een van die ander.

Hierteenoor staan die kultuuropdrag van die Westerling lynreg. Daar is onderlinge kultuurverskille tussen die Westerse volke, maar die sentrale gedagte uit 'n ekonomiese oogpunt, *is individualisme.* Behalwe in enkele land en omstandighede styg 'n man nie in die samelewing as gevolg van sy voorouers se status nie, maar vanweë sy eie prestasies. Hy staan ook baie losser van sy ouers, onderwysers, werkgewers en heersers. Enige sukses wat hy behaal is dus ook individueel, en meestal word dit net deur hom en sy gesin gedeel. Maar so is ook sy mislukking tot homself en sy gesin beperk en moet grootliks deur homself gedra word. Ook sy godsdiens leer hom dat die mens persoonlik rekenskap van sy dade sal moet gee: persoonlike straf, persoonlike vergewing van sonde en persoonlike verlossing.

Hierdie persoonlike verantwoordelikheidsgedagte ontbreek geheel en al in die nie-Westerse wêreld en daarom ontbreek dit hulle aan dryfkrag tot ontwikkeling. Die Oosterling volg sy vader op. Wat sy vader s'n is, is syne, en wat syne is, is sy vader s'n. Daar is min ander geleenthede vir hom oop. Dit in elk geval, kan beteken dat hy buite sy familiebande sal moet beweeg. Die Westerling is tot 'n groter mate vry van hierdie bande. As sy vader 'n handelaar is, kan hy 'n advokaat word of 'n predikant, of een of ander van die talle loopbane tot sy beskikking kies. Die Westerling is ook nie gebonde aan een plek — d.i. waar sy familie woon nie, maar kan op enige plek gaan werk en woon. Dus is sy horisontale of geografiese arbeidsmobiliteit veel groter as dié van die Oosterling.

Japan is die enigste, belangrike Oosterse land waar die Westerse ekonomiese patroon met sukses oorgeneem is. Die rede is dat Japan in teenstelling met ander nie-Westerse lande 'n stelsel van eersgeboortereg het. Die oudste seun erf alles en so bestaan die moontlikheid om kapitaal te akkumuleer en daarom was daar 'n redelike fondament waarop ekonomiese ontwikkeling, na die aanraking met die Weste, gebou kon word. Verder het dit meegebring dat die jongere seuns elders moes heen vir 'n leeftog. Dit werk horisontale arbeidsmobiliteit en arbeidsstabiliteit in die Japannese fabrieke in die hand. Die familiebande is sterker as in die Weste, maar losser as in die res van die Ooste, hoewel trou aan die Keiser

of staat weer sterk op die voorgrond tree. Die Keiser word beskou as direkte afstammeling van die songodin, wat hulle as medeskepper van die Japanse eiland beskou. Daarom kon die Keiser 'n soveel meer stabiele regering hê en sy pogings om die land te industrialiseer lei nie tot vernietigende burgeroorloë soos byvoorbeeld in Sjina nie. Verder was die gesinsbande veel sterker as in die Weste, en industrialisasie lei in Japan nie tot die disintegrasie van die gesinslewe soos in die Weste nie. Vanweë die gesag van die Keiser kom korrupsie en burokrasie in Japan bykans glad nie voor nie. In Sjina waar die trou aan die familie groter was as aan die sentrale regering, is enige owerheidsbesigheid deur werknemers ten voordele van die familie uitgebuit, sodat dit in die meeste gevalle tot niet gaan. Waar die Westerse industrialisasie op individualisme en vrye onderneming gebou is, is dié in Japan dus op die ou historiese feudale sisteem ontwikkel.

### Ekonomiese ontwikkeling in volgehoue en in sporadiese vlae en die rol van die sterk man

Ons het reeds gesien dat ekonomiese ontwikkeling van binne of van buite aan 'n volk gegee kan word. In Wes-Europese lande het die industriële revolusie, ten spyte van baie moeilikhede, binne 'n redelike kort tyd versprei, terwyl dit in die Ooste, ten spyte van die Westerse voorbeeld, druk, aanmoediging en leierskap nêrens behalwe in Japan kon wortelskiet nie. Van hierdie aspek sê H. J. van Mook: „Die eeuelange invloed van die Weste, het met baie min uitsonderings, misluk om sy ekonomiese aktiwiteite en ondernemingsgees in die gedagtes en gewoontes van mense oor te plant. Die Westerse masjinerie van finansies, handel en produksie bly 'n vreemde en onverteerbare element in Suidoos-Asië. Dit het instellings, produksie- en kommunikasiemiddels en stabiliteit daargestel wat ver bo dié in die verlede uitgetroon het, maar onder die inheemse volke het dit skaars enige nuwe ondernemingsgees of nywerheid tot stand gebring".

Die ekonomiese ontwikkeling in die Weste en in Japan — waar dit ook van buite ingegee is, kan as werklike en volgehoue ontwikkeling beskou word, maar in die ander nie-Westerse lande is die beste wat kan bereik word, selfs met die leiding en hulp van die Weste, slegs 'n sporadiese ontwikkeling wat vlaagsgewyse voorkom. Dit is 'n ontwikkeling

wat geheel en al vir sy ontstaan en implementering van buitelandse magte afhanklik is.

Die Westerse en Japanse sosiale en ekonomiese organisasies is die resultaat van eeuelange tradisies wat nie na ander volke oorgeplaas kan word nie, veral nie nou waar kolonialisme oral in onguns is nie. Dit wil voorkom asof die enigste alternatief vir hierdie volke om ekonomies te ontwikkel, die een of ander vorm van diktatorskap is. Waar dit die individue aan ondernemingsgees ontbreek, sal die staat moet vergoed deur vasbeslote leierskap. Wat hulle in die vorm van kapitaal ontbreek, sal die staat uit sy inkomste of buitelandse lenings moet voorsien. Waar die aansporing om te werk ontbreek, help die staat deur indoktrinasie van nuwe waardes of aanpassing van oues. Wat hulle in doeltreffendheid ontbreek sal die staat moet goed maak deur streng beheer en beplanning.

Die voorbehoud is natuurlik dat so 'n diktator of despoot en sy adviseurs belang moet stel in ekonomiese ontwikkeling. Hy mag dit selfs teenwerk. Aangesien dit hierdie volke aan die sosiokulturele organisasie vir werklike ekonomiese ontwikkeling ontbreek, het hulle geen versekering dat die beskeie vooruitgang wat hulle onder koloniale bewinde behaal het, sal voortduur nie.

Die gevolgtrekkings werp ernstige twyfel op die sukses van die huidige hulpprogramme van die ontwikkelde Westerse lande aan die onderontwikkelde lande in die proses van ontvoogding. Tot dusver was die resultate ontmoedigend en dit wil voorkom asof hoogstens sporadiese suksesse en vlae van ontwikkeling verwag kan word. Die rede vir die swak prestasies word gewoonlik aan die kolonialisme toegeskryf wat die inheemse bevolkings uitgebuit het en hulle alle vorms van ekonomiese ontwikkeling ontsê het. Met kolonialisme in Asië en Afrika bykans aan sy einde, sal die toekoms moet bewys of hierdie volke wel vatbaar is vir ekonomiese ontwikkeling op eie houtjie.

### Verandering van die kultuur?

Dit het die Westerse lande tien eeue geneem om 'n stelsel te ontwikkel wat 200 jaar gelede begin vrugte afwerp het, en vandag die hoogste peil van *materiële* welvaart daarstel wat die mensdom ooit geken het. Vanweë die aanpasbaarheid van

Japan se sosiale stelsel, kon die ontwikkeling ook daarheen oorgeplant word. Dit lyk bykans onmoontlik weens die kultuurverskille, om die toestande wat die Westerse vorm van ekonomiese ontwikkeling moontlik maak, in ander nie-Westerse lande te skep. Dit kan maklik tot revolusie en opstand lei.

Die kommuniste het 'n vierde moontlikheid vir nywerheidsontwikkeling daargestel. In die plek van die stelsel van eersgeboortereg het hulle kollektivisme en nasionalisering gestel. In die plek van individualisme het hulle 'n stelsel van geheime polisie daargestel. Of hierdie ekonomiese- (nie politieke) stelsel na ander lande uitgevoer kan word met goeie gevolge moet nog gesien word, veral in die lig van die probleme wat Rusland nou self met sy eie stelsel ondervind en weer sekere aspekte van die kapitalisme in gebruik neem. Vir sover hulle die kultuurpatrone van Sjina, wat reeds as gevolg van Wêreld Oorlog II en eeue van Westerse kontak verander het, kan afbreek, mag hulle tot 'n mate hierin slaag.

Tot dusver is opvoeding en onderwys nog nie as 'n middel genoem om ekonomiese vooruitgang te bevorder nie. Alles wat enige mens weet, het hy geleer. Maar onderwys kan ekonomiese ontwikkeling slegs bevorder as die ontwikkeling reeds aan die gang is. Die onderontwikkelde lande self het geen kennis of vermoë om die vereiste onderwyspeil of geriewe daar te stel nie. As 'n onderwysprogram met buitelandse hulp ingestel word, word dit meestal deur die onderontwikkelde nasies as 'n vorm van indoktrinasie beskou wat uitbuiting deur vreemdes vergemaklik. Prof. Janssen praat in sy intreerede ook van visieuse sirkels. Hy sê Afrikalande is arm omdat hulle arm is. Hy sê daar is nie geskoolde arbeid nie omdat daar geen nywerheidsontwikkeling is wat werkgeleentheid verskaf nie en ook vir onderwys kan betaal nie. Daar is geen nywerheidsontwikkeling omdat daar geen opgeleide geskoolde arbeid of ondernemers is nie.

**Gevolgtrekkings ten opsigte van 'n vergelyking van die Oosterse en Westerse kulture vir ekonomiese ontwikkeling**

Die huidige hulpprogramme van die Westerse lande het 'n baie geringe kans om ekonomiese ontwikkeling soos die Westerling dit verstaan, op die nie-Westerse lande oor te plant. Indien daar met die kulturele verskille rekening gehou word, mag dit moontlik wees om 'n graad van vooruit-

gang te bewerkstellig wat groter getalle van hierdie volke kan voed en klee. Dit is egter bykans ondenkbaar dat hulle tot die Westerse peil gebring kan word. Hierdeur kan hoogstens gehoop word dat 'n minder gewillige oor aan die kommunis geleen sal word aangesien materiële hulp slegs die liggaam en nie die siel bereik nie. Die voorspoed wat hieruit vloei, kan egter maklik vir militêre doeleindes aangewend word.

Maar om selfs hierdie beskeie vooruitgang in die nie-Westerse lande te weeg te bring, sal 'n baie groter en langduriger bystandsprogram onder die volgehoue en regstreekse leiding van die Weste vereis as wat algemeen aanvaar word. Sodra die Weste hom onttrek, sal die kulturele inhibisies weer deurslaggewend word en die vooruitgang demp.

Vir sover dit die ekonomies oorontwikkelde Weste self betref, is daar beslis 'n ander soort ontwikkelingsprogram nodig, naamlik, 'n program wat die menslike bande onderling versterk, sodat die rustelose individualisme, onsekerheid en mededinging nie die mensdom tot onmoontlike hoogtes wil lei en uiteindelike vernietiging van sy godsdiens en kultuur meebring nie. Die oplossing lê in die herwaardering van sy godsdiens waarin die berusting wel te vinde is. Die verval van die godsdiens in die Weste, het gelei tot 'n materialisering van die opdrag om te werk. Die opdrag dat die mens in die sweet van sy aangesig sal brood eet, word nou uitgeleef ter wille van die brood self, d.i. die akkumulasie van rykdom en nie ter wille van die Gewer van die brood nie.

### Enkele gevolgtrekkings vir Suid-Afrika

Die Zoeloe-toordokter V. C. Mutwa sê in sy boek *„Indaba my children"* [1]: „The creed of the Bantu is an inflexible one that coldly declares anything new to be an insult to the Gods; any man or woman who tries to invent something new is assuming powers that only Gods possess. Such inventors must be destroyed no matter how useful they could be to the particular community. This kind of religion was developed with the specific purpose of resisting or discouraging change of

---

1) V. C. Mutwa: *Indaba my children* (Blue Crane Books, Johannesburg, 1964), bls. 452.

any description, because such changes breed impiety and irreverence for things that are regarded as holy".

Ekonomiese ontwikkeling beteken juis vooruitgang en die volgehoue verandering en verbetering in metodes en tegnieke en die strewe na 'n hoër lewenstandaard. Die kultuur van die Bantoe maak nie slegs geen voorsiening vir die ontwikkelingsbegrip, net soos die kultuur van die Oosterling nie, maar dit staan dikwels selfs vyandig gesind daar teenoor. Die taak van die Regering van die Republiek en van die departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling om die Bantoetuislande te ontwikkel is dan ook 'n geweldige een, maar een wat om baie goeie redes onderneem word. Die Bantoe van die Republiek is, net soos die swartman elders in Afrika, nog geen innovasie-volk nie en nuwe idees moet ook van buite oorgeplant word; daar bestaan geen ondernemers nie, en daarom moet hulle doelbewus opgelei word en intussen moet die Regering van die Republiek die ondernemersfunksie oorneem. Dit word gedoen deur die Bantoetrust, die Bantoebeleggingskorporasie, die Ontwikkelingskorporasies vir die tuislande en die departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Op soortgelyke wyse word die gebrek aan besparings, en besparingskanale, organisasievermoë en tegniese vernuf voorsien deur die blanke sektor, en so word 'n ononderbroke ekonomiese ontwikkeling verseker. Selfs die eerste en tweede vyfjaar ontwikkelingsplanne vir die tuislande word deur die Regering van die Republiek opgestel en gefinansier, hoewel die Bantoe-owerhede aangemoedig word om te deel in die implementering van die planne. Sodoende word die Bantoe-owerhede bewus gemaak van die noodsaaklikheid asook van die metodes van vooruitgang. Terselfdertyd word hulle samewerking ook verkry om die bestaande vooroordele by die Bantoe teen ekonomiese ontwikkeling af te breek. Die Bantoe het reeds die onderwysstelsel wat met sy samewerking deur die departement Bantoeonderwys daargestel is, aanvaar en word daar reeds van groot getalle Bantoe as onderwysers gebruik gemaak in die onderwys en opleiding wat daarop gemik is om die Bantoe vir diens in sy eie gemeenskap voor te berei.

Dit is duidelik dat die Bantoe reeds verskillende aanpassings in sy kultuurpatrone gemaak het en nog sal moet maak ten einde die volle voordele te kan geniet van 'n moderne ont-

wikkelde ekonomie. So het die Bantoe reeds na 'n lang tydperk van kontak met die blanke ekonomie in 'n groot mate die geldekonomie aanvaar en word sy vroeëre bestaansekonomie reeds kleiner en kleiner in omvang; hy is reeds tot 'n groot mate ekonomies bedrywig en ingeskakel by die arbeidsmag van die Republiek en die mag van die familiebande van die Ooste is hier geen belemmering meer vir sy arbeidsmobiliteit nie. Ook het hy getoon dat hy die sleur van lang ure en moeisame arbeid te bowe gekom het. Sy looninkomste het die Bantoe in staat gestel om sy verbruiksgewoontes aansienlik te verander en nou goedere te koop wat nie in sy bestaansekonomie beskikbaar was nie.

Die ontwikkeling van die Bantoetuislande is dus 'n unieke eksperiment wat nêrens in die wêreld 'n vergelykbare eweknie het nie. Bykans al die nadele wat die onderontwikkelde lande in Asië en Afrika het, en wat ekonomiese ontwikkeling strem selfs ten spyte van aansienlike buitelandse hulp, word by die ontwikkeling van die tuislande sover as moontlik doelbewus deur die Regering van die Republiek uitgeskakel en daarom is die kanse dat die poging hier sal slaag baie groter as elders. Nêrens elders is die onderontwikkelde lande soos die tuislande verseker van 'n stabiele binnelandse geldstelsel, en 'n algehele afwesigheid van betalingsbalansprobleme nie. Nêrens elders kan die ontwikkelende lande hulle vernaamste surplusproduk, naamlik arbeid, uitvoer na 'n ander land soos die tuislande hier dit na die blanke gebied kan doen nie. Die ontwikkeling van die Bantoe is ook enig in die opsig dat 'n „buitelandse moondheid" doelbewus werkgeleentheid binne en aan die grense van die tuislande vir hulle inwoners skep. Dit gebeur ook selde dat die produkte van 'n onderontwikkelde land, met inbegrip van landbouprodukte, verseker is van 'n vrye en onbeperkte uitvoermark. Daarbenewens is die tuislande ook verseker van stabiele staatsinkomstes, van die nodige tegniese vernuf en leiding asook van 'n toepaslike onderwysstelsel. Hierdie aspekte is almal voorvereistes vir 'n volgehoue ekonomiese ontwikkeling van 'n land. Daarom is ek oortuig dat Suid-Afrika 'n vyfde moontlikheid vir ekonomiese ontwikkeling daargestel het wat 'n uitstekende kans op sukses het. Dit is vir Suid-Afrika van lewensbelang dat dit suksesvol sal wees.

P. J. Riekert.

Pretoria.